Sondag 18 Januarie

Skrifgedeelte: Filippense 2:25-30

Fokusgedeelte: Filippense 2:27 (AFR53)

God se barmhartigheid oor elke dag se lewe

Hoe moet ons barmhartigheid verstaan? Want ons hoor ook ander woorde wat daarvoor gebruik word. Van Engels af hoor ons dit as genade en selfs vriendelik. Ontferm word in Afrikaans ook as 'n sinoniem gebruik. Met al die woorde, wat moet ons verstaan?

Gewoon kan ons sê dat barmhartigheid is om jammer te kry. Nie in 'n negatiewe manier nie, maar op 'n warmhartige manier, teenoor ander wat nie hulleself kan help nie. Hulle verdien nie dat jy warmhartig teenoor hulle is nie. Hulle is nie goeie mense en daarom is jy warmhartig nie, maar hulle is in sondenood en selfs ellendig.

So is God se warmhartigheid teenoor ons. Hy is nie warmhartig omdat ons dit verdien of omdat ons goed is of selfs omdat ons reg is nie. Sy hart is warm teenoor ons al is ons sonde-ellendig. Dit is nie hoe ons barmhartigheid beoefen nie, ons harte raak dalk eers warm vir mense wat in ons oë verdien om jammer gekry te word – hulle moet verdien om begenadig te word.

Genadiglik is ons God se barmhartigheid, warmhartig teenoor ons wat dit nie verdien nie. Hy kry ons jammer, omdat ons so ellendig in onsself is. Hy kry ons selfs jammer vir wat die gevolge van die sonde aan ons doen, soos die siekte aan Epafroditus gedoen het – siek amper tot die dood toe. Maar die HERE se warmhartigheid het hom van die rand van die dood teruggebring – so getuig Paulus van die HERE se warmhartigheid. Hy maak nie net vir Epafroditus gesond nie, maar ook ter wille van Paulus dat hy nie so hartseer sal wees daaroor nie.

Dis 'n wonderlike troos om te weet die HERE is warmhartig teenoor sy kinders. Ek hoef dit nie te verdien nie. Ons geniet ook die warmte daarvan wanneer ander gelowiges rondom ons dit ontvang. Ons het nie 'n koue God wie se bejammering ons moet verdien nie. Ons het 'n warmhartige God wat ons jammer kry in die gevolge van die sonde – soos siekte. Dit alles omdat sy Seun ons in daardie warmhartige verhouding met Hom inbring.

*Sing: Psalm 86-1:7, 8*

*Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Potgietersrus)*